Sing vooraf staande: Skrifberyming 19-1 (47)

1 Die Here sal ons seën, / en Hy sal ons behoed.
Die Here sal sy aanskyn / altyd oor ons laat straal
en ons genadig wees vir ewig. / Hy sal sy aangesig oor ons verhef
en aan ons gee sy vrede. / Amen, Amen.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 138:1, 4 (p. 670)

1 'k Sal met my ganse hart, o HEER, / U loof en eer, u hoogheid huldig,
en voor die godeˆin psalmgeklank, / U bring die dank, aan U verskuldig.
Ek sal my neerbuig op u eis, / na u paleis, die oog na bowe.
En om u guns en waarheid saam, / u heil'ge Naam eerbiedig lowe.

4 As in my angs en teëspoed / die krag en moed my wil begewe,
as vyande van veglus brand, / dan keer u hand en red my lewe.
Die HEER is goed en wondersterk: / Hy sal sy werk deur niks laat keer nie.
Laat my, o HEER wat my bewaar, / tog nou nie vaar, en nimmermeer nie.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Na die wet sing ons Psalm 34:6 (p. 167)

Wet

Psalm 34:6 (p. 167)

6 Kom kinders, hoor na my! / Die HEER se vrees wil ek jul leer.
Wie is 't wat lewensduur begeer / en dae wat hom verbly?
Laat tong en lippe vra / na waarheid, en ontwyk die kwaad;
soek wat God wil: die regte daad, / en jaag die vrede na.

Gebed.

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***

Vergifnis:

- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Psalm 72:2, 4, 9 (p. 360)

2 O saalge ryk waar enkel vrede / oor bergeˆen heuwels sweef;
die Vors na Gods geregtighede / sal heers oor wat daar leef;
waar Hy in strenge strafgedinge, / sy swaard die skedeˆontruk,
die arme ophef en geringe, / maar neerslaan wie verdruk.

4 Dan kom die tyd van welbehae, / wanneer die vrede bloei;
regverdiges sal in sy dae / in volle wasdom groei.
Van see tot see – geen grensomlyning, / orals gebied sy staf,
totdat die maan, die bleek verskyning, / val van die hemel af.

9 Mag die bewoners van die stede / – daar's geen ellende meer –
soos plante groei by volle vrede / en sing die Vors se eer.
Mag nooit sy Naam en grootheid kwyn nie / – dit is 'n voorspoedsuur! –
geen sonneglans so helder skyn nie / of langer wees van duur!

Skriflesing: Korintiërs 15; Judas 1

Teks: 1 Korintiërs 15:55-58

Dood, waar is jou angel? Doderyk, waar is jou oorwinning? Die angel van die dood is die sonde, en die krag van die sonde is die wet. Maar God sy dank, wat ons die oorwinning gee deur onse Here Jesus Christus. Daarom, my geliefde broeders, wees standvastig, onbeweeglik, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle arbeid in die Here nie tevergeefs is nie.
(1 Korintiërs 15:55-58 AFR1953)

Judas 1:2 (AFR1953)

Mag barmhartigheid en vrede en liefde vir julle vermenigvuldig word!

Dis nogal belangrik om te let op wie die persoon is wat watter dinge vir jou sê! Soms kom daar iets uit iemand se mond van wie jy dit glad nie verwag dat juis hy die een sal wees wat sulke dinge vertel nie!

Dis nogal presies wat hier gebeur!

- Die Judas wat hierdie woorde kwytraak, is een van die broers van die Here Jesus Christus – een van Maria se seuns.
- Hy en die res van die familie het aanvanklik nie baie van die Here Jesus gedink nie.
- Hulle het in elk geval glad nie gedink dat Hy God die Verlosser is nie.

Hoe ons dit weet, is omdat die volgende van hulle geskryf staan:

Sy broers het toe vir Hom gesê: Vertrek hiervandaan en gaan na Judéa, sodat u dissipels ook u werke kan sien wat U doen. Want niemand doen iets in die geheim en soek tegelykertyd om in iedereen se mond te wees nie. As U hierdie dinge doen, vertoon Uself aan die wêreld. Want ook sy broers het nie in Hom geglo nie. (Johannes 7:3-5 AFR1953).

Let op die woorde: **Want ook sy broers het nie in Hom geglo nie.**

- Dié Judas het dus nie in die vroeëre tyd van sy lewe die vrede van God geken nie.
- Dit kom uit in onder andere gesinspanning met hierdie Broer van hom wat wonderwerke kan doen – en wat deur hulle almal weggestuur is om sy “vertonings” by ander mense te gaan gee.

Iewers het daar iets gebeur wat gemaak het dat Judas en sy broer Jakobus tot bekering gekom het.

- Hierdie bekering behels duidelik dat hulle ook met hulle Broer moes vrede maak – en meer nog as net dit!
- Hulle moes op die punt kom waar hulle die verlossing wat Hy gee, aanvaar en in Hom as hulle Verlosser geglo het.

Eers toe kon hulle die genade en vrede van God besit en dit ook aan ander mense toewens.

Om die vrede van God te ken, beteken dat mens volkome tot bekering moet kom.

- Onbekeerlikheid loop uit op die dood.
- Onbekeerde mense het baie van die dinge wat alles familielede is van die dood wat in hulle lewens ellendes veroorsaak.

Wanneer die Here in die hoofstuk oor die liefde ’n beskrywing gee van hoe die liefde is, is die teenpool daarvan dat iemand wat nie die liefde het nie, dus ook nie die vrede van God het nie!

Die liefde is lankmoedig en vriendelik; die liefde is nie jaloers nie; die liefde praat nie groot nie, is nie opgeblase nie, handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, word nie verbitterd nie, reken die kwaad nie toe nie, is nie bly oor die ongeregtigheid nie, maar is bly saam met die waarheid. Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles. (1 Korintiërs 13:4-7 AFR1953)

Iemand wat die positiewe dinge ken:

- lankmoedigheid en vriendelikheid, en
- wat bly is saam met die waarheid;
- iemand wat die vermoë het om alles wat sleg is doodgewoon te bedek;
- iemand wat alles glo, alles hoop en alles verdra – so iemand het die vrede van God!

Onvrede in watter moontlike vorm ook al, is ’n baie naby familielid van die dood.

- Om dood te wees beteken sekerlik dat ons liggame eendag sterf, maar die werklike betekenis van dood kom eers va vore nadat ons by die liggaamlike dood verby is!
- Die hoogtepunt van die dood is die hel.

Dis nogal belangrik om daarop te let dat die dood/hel baie voorspele en uitsaaiings in hierdie lewe het.

- Dis dinge soos wat Judas deurgemaak het – familietwis; hatigheid op hierdie Broer van hulle wat hulle as baie windmakerig beskou het met al sy wonderwerke wat hy loop en doen om dissipels te werf.
    - Dis hoekom hulle Hom wegjaag en sê hy moet sy dinge op ’n ander plek gaan doen, want hulle het nie in Hom geglo nie.
- Dis ook dinge soos die ellendes wat ons met verkeerde dinge aan ander mense doen.
- Dis ook die onreg en pyn wat ander mense aan ons doen wanneer hulle in hulle sondes verkeerd teenoor ons optree.

Die Bybel noem al hierdie dinge saam *die angel van die dood*.

- Die dood met al sy uitlopers wil mense seermaak.
- Mense wat aan hierdie dinge deelneem en wat hulle deur hierdie dinge laat meesleep, het nie die vrede van God nie!

Teenoor hierdie onvrede wat alles die brandpyn van die duiwel se angel is, bid die Heilige Gees deur Judas se pen vir ons God se vrede en genade toe.

- Wat ’n wonderlike gebed!
- Wie is vandag in hierdie diens wat nie bitterlik graag daardie vrede wil hê nie?!

Daarom is dit belangrik dat ons luister hoe die Here ons troos sodat ons sy vrede binne ons kan hê.

Die Here doen dit deur die herskepping aan ons te openbaar.

Van 1 Korintiërs 15:50 af begin die Here om iets ingrypends te openbaar van die opstanding van die liggaam uit die dood.

“Maar dit verklaar ek, broeders, dat vlees en bloed die koninkryk van God nie kan beërwe nie; ook beërwe die verganklikheid nie die onverganklikheid nie.”
(1 Korintiërs 15:50 AFR1953 AFR1953)

Die woord *vlees* beteken meer as net liggaam en vleis – dit sluit die sonde met alle ellendes wat die sonde veroorsaak, in.

Die woorde **vlees en bloed** kom nogal dikwels in die Bybel voor.

- Dis eintlik ’n vreemde uitdrukking, want ’n mens se bloed is mos in sy liggaam (vlees).
- Maar dis die Heilige Gees se manier om van ons as aardse en stoflike wesens te praat – terwyl ons nog in hierdie lewe is.

Daarom is hierdie openbaring van die Here so geweldig belangrik: ’n Mens wat net belange in die aardse en wêreldse lewe het, kan nooit in die hiernamaals by die Here wees nie.

Daar is ’n goeie rede voor:

- Die koninkryk van God is nie aards nie – dit is hemels.
- Daar is inderdaad ’n hele aanloop in die Korintiërbrief na hierdie uitspraak toe:

  Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word. (1 Korintiërs 2:14 AFR1953)

Die Heilige Gees openbaar dat ons in hierdie lewe al presies kan weet wie eendag die hemelse lewe sal ingaan:

- Ons weet mos watter mense se lewe sit in die verganklike dinge vas! Dis ’n lewe wat nie vrede met die Here het nie!
- Hulle kan nie die onverganklike wêreld ingaan nie, doodeenvoudig omdat dit nooit deel van hulle bestaan was nie!
- Mens kan tog nie in die hiernamaals iets of iemand wees wat jy nie in hierdie lewe wou wees nie!
- Daarom word dié woorde baie duidelik bygevoeg:

  Die verganklike kan nie aan die onverganklike deel kry nie.”
  (1 Korintiërs 15:50 AFR1983)

Die Bybel openbaar nie hier meer van hierdie saak nie – maar dis ook nie nodig nie, want dit is reeds volledig geopenbaar in die paar verse wat dit voorafgegaan het.

> **So is ook die opstanding van die dode: daar word gesaai in verganklikheid, daar word opgewek in onverganklikheid; daar word gesaai in oneer, daar word opgewek in heerlikheid; daar word gesaai in swakheid, daar word opgewek in krag. ’n Natuurlike liggaam word gesaai, ’n geestelike liggaam word opgewek. Daar is ’n natuurlike liggaam, en daar is ’n geestelike liggaam. So is daar ook geskrywe: Die eerste mens, Adam, het ’n lewende siel geword; die laaste Adam ’n lewendmakende Gees. Die geestelike ewenwel is nie eerste nie, maar die natuurlike; daarna die geestelike.”** (1 Korintiërs 15:42-46 AFR1953)

In 1 Korintiërs 15 sê die Here presies op watter manier ons die oorwinning oor die dood behaal! (v.55).

- Ons wat sterflik was tydens ons aardse lewe, word dan meteens deur die Here onsterflik gemaak.
- Saam met onsterflikheid gaan daar ook volmaaktheid en die vrede van die Here.
- Vrede beteken: *Volkomenheid, volmaaktheid, om heel te wees, om gesond te wees. Dis 'n toestand waar daar geen spanning is nie.*

Dit is wat die Heilige Gees ons toebid: die vrede van God. Dit is waarom die Here hier die dood koggel:

> **Dood, waar is jou angel? Doderyk, waar is jou oorwinning?**

Die dood het 'n angel – figuurlik gesien.

- Hy kan seermaak.
- Hy kan in hierdie lewe ons lewens en ons tyd deurspek met pyn en ellendes wat maak dat die Here se vrede ons oënskynlik ontwyk.

Maar dit is presies die saak waaroor dit gaan!

- Die dood en sy familielede kan nie doodmaak nie! Dit kan net steek en seermaak. Dis al.
- Daarom vra die Here in dié lewe al vir hom waar sy doodmaakmag is, of waar dit is wat hy dan nou sou oorwin het?
- Die Here Jesus het al sy magte tot niet gemaak!

Die Here openbaar aan ons wat in Hom glo waar die duiwel se sterk punt lê.

- Hy het net een ding waarmee hy regtig kan doodmaak – die sonde.
- Maar vir ons wat die Here Jesus bely, is vir daardie sondes versoening gedoen – met ander woorde die duiwel het al weer verloor!
- Ons het die vrede van die Here.

Met die oorwinning van ons Here Jesus het die duiwel inderdaad sy krag verloor.

> **Maar God sy dank, wat ons die oorwinning gee deur onse Here Jesus Christus.** (1 Korintiërs 15:57 AFR1953)

In die Here Jesus Christus het God se vrede vir ons gekom.

> Johannes 14:27: **Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie. Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie.** (Johannes 14:27 AFR1953)
>
> Johannes 16:33: **Dit het Ek vir julle gesê, dat julle in My vrede kan hê. In die wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin.** (Johannes 16:33 AFR1953)

Daar is nie eers enige sprake van dat ons hierdie oorwinning oor die dood sou kon behaal nie.

- Maar gelukkig en genadig gee die Here dit.
- Die lewe is só seker aan elkeen gegee dat ons selfs na ons aardse lewe verder lewe – tot in ewigheid toe!

Die Here Jesus Christus het gesterf aan die kruis.

- Maar God wil hê dat die mense vir wie Hy gepreek het, moet weet dat hierdie kruisdood nie die einde is nie.
- Ons moet verder lewe teen alle dinge in wat die lewe vir ons moeilik maak – maar ons moet dit laat verbygaan en nie deel maak van ons eie lewe en optrede nie, want ons het reeds die vrede van God.
- Die vrede van die Here maak nie voorsiening daarvoor dat ons lelike dinge – vredebedreigende dinge – mag doen of daaraan deelneem nie.

Die Here Jesus lewe en ons sal lewe.

- Daarom word die feit ook weer in Efesiërs 2:4-6 onderstreep waar daar geskryf staan dat ons al reeds saam met Christus opgewek is, en reeds saam met Hom in die hemel is! Ons word verseker dat ons reeds deel is van God se vrede!
- Ons het nou God se vrede, want as ons die vergifnis van die Here Jesus aanvaar en vir onsself toe-eien, is daar geen ding wat meer tussen ons en God staan nie.
- Daarom moet ons lewens 'n toonbeeld daarvan wees dat ons gebreek het met elke sonde wat God se vrede in ons bedreig.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 31:1, 17 (p. 143)

1 Net soos 'n rots, gesterk, gestewig / teen storm en ongety, / is U, o HEER, vir my.
Maak my tog nie beskaamd vir ewig. / Bevry my, hoor my bede / na u geregtighede.

17 Geloofd sy God vir sy genade, / so wonderbaar en groot / aan my, sy gunsgenoot.
Sy oog slaan my in liefde gade; / Hy lei my na 'n veste / in veiliger geweste.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 26 Desember 2010